Sondag 12 Maart

# Kouland 2

## Episode 9: Spookasem

**Kerngedagte :** Betroubaarheid is een van die belangrikste dinge wanneer dit kom by verhoudings. Die Here wil ons gebruik om groot dinge in Sy Naam te doen. Ons staan in ons eie pad in ons verhouding met God en met mense as ons nie betroubaar is nie.

**Doelwit :** Kinders gaan nadink oor die manier waarop hulle betroubaarheid die verhoudings in hul lewe beïnvloed



**Sleutelteks:** Lukas 16:10

**Bybelverhaal:** Spookasem Saul – 1 Samuel 13

Die beloftes wat ons maak is baie keer soos ‘n yslike groot spookasemwolk. Groot, mooi, soet. Dit is ongelukkig dikwels eers wanneer die belofte tot aksie moet oorgaan wat daardie soet belofte soos mis voor die son verdwyn. Ons het al almal aan beide kante van so ‘n spookasemwolk van beloftes gestaan. Elkeen van ons het al ‘n belofte gemaak en ander teleurgestel wanneer ons nie daarby hou nie. Elkeen van ons was al teleurgesteld deur ‘’n belofte van iemand wat nie tot werking oorgegaan het nie. Een ding is seker, beloftes maak skuld. Skuld plaas druk op verhoudings. Verhoudings kry seer as gevolg van teleurstellings.

Wanneer dit kom by die beloftes en die Woord van die Here, is daar geen spookasemwolk beloftes nie. Wanneer Hy praat, belowe Hy nie net nie. Wanneer Hy praat, bring Hy lewe en hoop. Wanneer Hy beveel, skuif water weg, storms word stil en Sy beloftes word tot vervulling gebring in jou lewe. Dit mag dalk nie lyk soos jy dit graag wou hê nie. Hy bring dit tot vervulling omdat Hy juis weet wat die beste vir jou is. Betroubaarheid is een van die mooiste eienskappe om die Here te beskryf. Hy is die Een op wie ons altyd kan staatmaak. Hy is die enigste konstantheid in ons lewe.

Die vraag is, as die Here graag wil hê dat ons Hom moet verteenwoordig op aarde, hoe sou jy jou betroubaarheid beskryf? Praat jy spookasemwolke en verdwyn soos mis voor die son wanneer dit tot aksie moet oorgaan? Is jy iemand waarop almal kan staatmaak? Iemand wat ten spyte van uitdagings steeds gehoorsaam en getrou is aan die dinge wat jy uitgesit het om te doen?

Dit mag dalk onmoontlik voel om altyd betroubaar te wees, maar wanneer jy wandel saam met die Here, sal Hy jou lei in die manier hoe jy leef. In Sy leiding, sal Hy jou wys wanneer dit tyd is om stil te bly en eerder nie valse beloftes of stellings te maak nie. In Sy leiding, sal Hy jou hart toets, sodat jou rede agter aksies altyd die plan reflekteer wat Hy vir jou lewe het. Miskien is ''n gehoorsaamheid tot God een van die eerste stappe wat ons kan volg om betroubaar te wees in ons verhouding met God en met mense.

Israel se eerste koning kan beskryf word as 'n groot spookasemwolk met ''n kroon op. Die volk get gekla omdat hulle ook 'n mens koning wou hê om na op te kyk. Saul was uitgekies deur God vir die rol as hierdie Koning. Dit was nou 'n man wat sommer gelyk het soos ''n koning wat mens kan volg. Lank, sterk en 'n bobaas vegter. Saul se grootste fout was egter dat Hy nie getrou aan die Here was nie. Saul het gesukkel om gehoorsaam te wees aan die opdragte wat die Here gee. Hy het net eenvoudig die dinge gedoen wat vir hom makliker was om te doen en het hom nie gesteur aan die dinge wat God van hom gevra het wat meer moeite geverg het nie. Sy onbetroubaarheid het nie net gelei tot ''n skeiding tussen hom en God nie, maar dit het hom ook heeltemal van koers af gevat van die plan wat die Here met Saul se lewe gehad het. Die Here kies toe ''n nuwe Koning. In ''n verlate veld roep hy ''n skaapwagter seuntjie op. Dawid, ''n man na aan God se hart. ''n Man wat by woord en daad getrou wou bly.

Beteken dit dat Dawid nooit foute gemaak het nie? Beslis nie. Dawid het ook lekker in ongehoorsaamheid afgedwaal en teleurgestel. Die verskil tussen Dawid en Saul was dat Dawid in besef van sy foute dinge met God reg gaan maak het. Daar is Psalms waar Dawid bitterlik huil voor God en vra vir vergifnis. Dawid het geweet dat sy verhouding met God eerste reg gemaak moet wees, voordat Hy dinge met mense wou regmaak. Saul het by groot woorde en slim verskonings gebly wanneer hy vir God teleurgestel het.

Mag die verhaal van Saul en Dawid vir ons leer om versigtig te wees met ons woorde en dade. Mag ons nie spookasemwolke wees wat teleurstel in die manier hoe ons aksie tot ons woord gee nie. Mag ons ook kies dat ons verhouding met God die heel belangrikste is. Mag ons getrou bly aan die plan wat God vir ons lewens het, sodat Hy ons ook kan gebruik om getrou aan Sy Koninkryk te bou.

# 1. Ontmoet & Groet

**Al die aanbieders moet 'n ster plakker op hul voorkoppe plak. Die aanbieder kry ''n ster borsspeld ook om aan te sit.**

### 'n Hartlike hallo aan julle dierbare Koubouters!

Welkom in Kouland, ons eie lekkergoed fabriek. Jong ons het vandag 'n lekker soet boodskap wat wag, so kom ons kry gou onsself gereed met 'n lekker

### Koubouter strek:

1. Kom ons rol ons koppe lekker los. Lekker in die rondte
2. Kom ons rol nou lekker ons skouers om en om en om
3. Kom ons haal lekker diep asem in 1...2...3.. en asem uit
4. Laaste moet ons bietjie ons knieë teen ons maag trek. Eers die een knie en dan die ander knie.

Julle is verskriklik oulik. Kom ons kyk bietjie of julle nog kan dans. Dink julle julle kan nog dans ook na al die strekke? Kom ons kyk!

### Speel die musiek video en dans saam met die kleuters.

# 2. Grootgroep Aanbieding

Nee wat ek sien julle is nie gewone kinders nie. Julle is supersterre. Gepraat van *(trek kinder se aandag na die borsspeld toe. Kyk of kleuters jou kan vra waarvoor dit is. As hulle nie wil vra nie, kan ''n helper vra)*

Ag ek is so bly julle vra. Ek is hierdie week die staatmaker skitterster by my werk. Hulle het vir my die medalje gegee om die hele week te dra. Wie weet wat moet mens doen om ''n staatmaker skitterster te wees? (gee kleuters kans om te antwoord)

Kom ons begin by die begin. Wat beteken dit om ''n staatmaker te wees? (vra kleuters om te antwoord)

Ja, julle is reg, ''n staatmaker is iemand wat altyd doen wat hy sê hy gaan doen. Jy hoef nie bekommerd te wees dat ''n staatmaker jou in die steek sal laat nie.  Wie ken julle wat staatmakers is in julle lewens?

Miskien mamma of pappa/

Miskien Ouma of Oupa?

Jou beste maatjie?

Miskien is jy ''n staatmaker?

Wonderlik! Ek is so bly om te hoor julle is ook staatmakers. Nou om ''n staatmaker te wees is daar 3 dinge wat jy moet kan doen.

Wag kom ons speel ''n speletjie dan leer ek julle sommer terwyl ons speel

**Wat doen ''n ware staatmaker?**

Daar sal klein pom-pom balletjies wees vir hierdie demonstrasie. Twee stelle prente gaan geplak wees teen die muur. Die kleuters moet die balletjie gooi na die kant toe waar die persoon in die prent optree soos ''n staatmaker.

Okay dit werk so, sien julle hierdie bladsye wat op die twee verskillende plekke is. My  helpers gaan my help. Hulle gaan elke keer gelyk die prente vir julle wys, dan moet julle die klein balletjies wat ons nou vir julle gaan gee gooi na die kant toe waar die mens in die prentjie iets doen wat ''n staatmaker sou doen....

Is julle reg?

**PRENTE 1: As mamma jou vra om jou kamer skoon te maak maar jy is nie lus nie.**

Dink julle mens is ''n staatmaker as jy maar gaan skoon maak. As jy baie sukkel dan vra jy vir mamma of pappa om te help.

OF

Dink julle mens is ''n staatmaker as jy net al die klere en speelgoed onder die bed ingooi net sodat dit kan skoon lyk sodat jou ma nie weer hoef te vra nie.



Ja, julle is baie slim. Sien maats om ''n staatmaker te wees, moet jou ore baie goed werk. Kom ons skroef bietjie ons luisterore weer mooi aan (wikkel een oor - Eh-oh-eh-oh) en die ander oor (wikkel -eh-oh-eh-oh)

Spring gou op dan sê julle saam met my:

**Staatmakers** (duime op)

**skitter (**sterre handjies)

**as hul luister** – eh -oh- eh- oh (wikkel ore)

WONDERLIK.

Kom ons kyk na die tweede ding wat staatmakers moet kan doen.

**PRENTE 2: As jy tussen maatjies is, hoe praat ''n staatmaker. Maak ons seker almal voel deel en speel ons lekker saam, of kies staatmakers om te skinder of lelik te praat oor die ander maatjies?**






Ja, julle is baie slim. Sien maats om ''n staatmaker te wees, moet jou woorde baie goed wees. Mens moenie sommer net beloftes maak wat jy nie kan hou nie. Jy kan byvoorbeeld nie vir ''n maatjie sê hulle is oulik, maar as hulle nie by jou is nie dan vertel jy vir ander maatjies lelike goed van daai maatjie nie. Dan Mens moet ook nie lelik praat van ander maats nie. Dit is mos nie lekker as mens uitvind dat iemand iets lelik van jou gesê het nie. Netso moet jy nie lelik praat van ander maats nie, want dan laat jy hulle in die steek.

Spring gou op dan sê julle saam met my:

**Staatmakers** (duime op)

**skitter** (sterre handjies)

**as hul praat** (wys met beide wysvingers na mond toe)

Fantasties!

Kom ons kyk na nog een voorbeeld van ''n staatmaker

**PRENTE 3: Jou ma vra jou om te help om jou boetie se bottel te soek. Kyk jy eers jou storie klaar of gaan soek jy die bottel en dan kyk jy verder storie?**





Baie mooi julle. Jy sien. Staatmakers is nie net goed in die manier hoe hulle luister en praat nie, hulle is ook goed in hul dade. Wat beteken dit? Dit beteken as jy sê jy gaan iets doen dan doen jy dit. Mens doen nie net altyd iets wanneer dit jou pas nie. Partykeer moet mens eers los wat jy wil doen om iets vir iemand ander te doen. Wanneer jy iets doen, moet jy ook altyd jou beste gee. Dit is hoe staatmakers dit doen.

Spring gou op dan sê julle saam met my:

**Staatmakers** (duime op)

**skitter** (sterre handjies)

**as in hul daad** (maak karate hande)

Wonderlik, dankie dat julle saam my gespeel het. Nee wat ek sien julle weet wat dit vat om ''n staatmaker te wees. Ek dink ons moet vir elkeen van hierdie staatmakers solank ook ''n ster op hul koppe sit. Want julle staatmakers skitter behoorlik (laat helpers solank sterre begin plak op kleuters se voorkoppe)

Haai, ek sien nou eers (tel van die balletjies op) hierdie klein balletjies laat my nou eintlik dink aan ''n soort lekkergoed wat ek gemaak het.

**(haal spookasem uit. Daar sal ''n glas water wees vir die demonstrasie)**

Wie weet wat is hierdie? (laat kleuters toe om te antwoord) Okay, staatmakers, kom ons wikkel gou weer ons luisterore aan (eh-oh-eh-oh). Sal julle asb. nou

mooi luister? Nou toe, ek wete julle gaan doen wat julle gesê het julle gaan doen want julle is mos staatmakers.  As julle nou staatmakers is en mooi luister sal ek vir elkeen ''n stukkie spookasem gee.

Maatjies kom ons doen gou ''n eksperiment

Wat dink julle gaan gebeur as ek ''n stukkie spookasem in hierdie water sit?

Ja, dit verdwyn dadelik. Dit is ook wat gebeur as mens dit eet né? WOEPS weg is dit.  Al wat oorbly is die soet smaak in jou mond. Nou maats, ons moenie soos spookasem wees nie. Partykeer maak mense sulke yslike groot beloftes en mooipraatjies. Dit klink alles baie mooi, maar as daai mense moet begin doen wat hulle sê hulle gaan doen dan WOEPS! Weg is hulle.

Weet julle wie was soos hierdie spookasem....

**(Haal tekenprente uit)**

Koning Saul.

Maatjies, julle weet nou wat dit vat om ''n staatmaker te wees. Kom ons kyk waar het Koning Saul verkeerd gegaan. Sal julle my help?









Nou hierdie was Koning Saul. God het vir Saul gekies om die eerste Koning van God se mense te wees. Maatjies, al wou Saul graag Koning wees, het Saul met 3 dinge gesukkel:

As Saul moes luister, het hy net geluister wanneer dit hom gepas het.
Ai Saul, maatjies, kan die Here vir Saul as ''n staatmaker gebruik as hy net hoor wat hy wil hoor en luister wanneer hy wil luister? Kom ons gee gou vir Saul raad oor hoe mens ''n staatmaker is:

**Staatmakers** (duime op)

**skitter (**sterre handjies)

**as hul luister** – eh -oh- eh- oh (wikkel ore)

Weet julle wat het Saul nog gedoen. Saul het beloftes gemaak en dit dan gebreek. Hy het ook gemaak of hy vriende met mense is, maar dan wou hy hulle eintlik doodmaak. Dan praat hy lelik van daai mense. Maatjies, dink jy die Here kon vir Saul gebruik het as ''n staatmaker as hy nie gepraat het soos ''n staatmaker nie? Ai jai jai Saul, kom ons spring op dan gee ons vir Saul bietjie raad:

**Staatmakers** (duime op)

**skitter** (sterre handjies)

**as hul praat** (wys met beide wysvingers na mond toe)

Weet julle wat het Saul nog gedoen. God het vir Saul gevra om die koning te wees, maar hy moes nogsteeds doen wat God graag wou hê hy moes doen. Sien maatjies, God het ''n plan met Saul se lewe gehad. Hy het ook ''n plan met ons lewens. MAAR as ons nie doen wat Hy wil hê ons moet doen nie, kan God ons mos nie gebruik vir dit wat Hy vir ons lewe beplan nie. Saul het ook nie altyd sy beste gegee as hy iets doen nie. EK en jy moet altyd ons beste gee en voluit doen wat ons moet doen. Dan kan die Here en ander mense ons staatmaak om groot dinge te doen. Kom ons spring gou op dan sê ons vir mekaar hoe staatmakers skitter in wat hul doen:

**Staatmakers** (duime op)

**skitter** (sterre handjies)

**as in hul daad** (maak karate hande)

Wonderlik, dankie dat julle kom saam leer het julle superster staatmakers. Onthou julle ek het vir julle gesê as julle mooi luister gaan julle spookasem kry? Nou toe, ek wil graag ‘n staatmaker wees en doen wat ek sê ek gaan doen, so julle kan na die tafel toe gaan en ‘’n kunsie maak, dan deel ek vir julle spookasem uit. Kom ons maak iets spesiaal om die boodskap te onthou

## 3. Kleingroep aanbieding:

## Aktiwiteit 1 - Spookasemwolk van beloftes.

1. Neem ‘’n spookasembal. Breek vir elke kind ‘’n stukkie af. **Sê in jou eie woorde:** Die beloftes wat ons maak is baie keer soos ‘n yslike groot spookasemwolk. Groot, mooi, soet. Dit is ongelukkig baie keer eers wanneer ons moet doen wat ons belowe het om te doen, wat ons beloftes soos spookasem in jou mond verdwyn. As ek tot 3 tel, dan sit ons almal gelyk die spookasem in ons monde.

2. **Sê in jou eie woorde:** Hoe vinnig het daai spookasem gesmelt in jou mond? Wat proe julle nou? Ja, al is die spookasem weg, proe jy nogsteeds die soet in jou mond al is dit weg. Dit is baie keer hoe die beloftes wat ons maak werk. Al doen ons nie wat ons sê ons gaan doen nie, voel mense nog lank daarna hartseer omdat jy nie gedoen het wat jy gesê het jy gaan doen nie.

### Superster Staatmakers

1. Deel vir elke kind die volgende uit: ‘n Spookasemwolk inlkeurvel
   : ‘’n Stuk watte
   : ‘’n rits sterre plakkers

2. Laat die kleuters die watte plak in die wolk gedeelte van die inkleurvel

3. Laat die kleuters die res van die inkleurvel versier met blinkers en sterre

# Aktiwiteit 2 - Spookasem Saul

## Sê die volgende in jou eie woorde:

Maatjies, die Here het vir Saul gekies om Koning te wees. Al wou Saul graag die Koning wees, het Saul met 3 dinge gesukkel:

As Saul moes luister, het hy net geluister wanneer dit hom gepas het. Maatjies, dink julle mense kan op ons staatmaak as ons kies om te luister wanneer ons lus is? Waarom/waarom nie?

**Staatmakers** (duime op)

**skitter (**sterre handjies)

**as hul luister –** eh -oh- eh- oh (wikkel ore)

Weet julle wat het Saul nog gedoen. Saul het beloftes gemaak en dit dan gebreek. Maats, wat dink julle gebeur as ons beloftes breek wat ons maak? Dink julle mense kan op ons staatmaak as ons beloftes breek? Waarom/ waarom nie?

**Staatmakers** (duime op)

**skitter** (sterre handjies)

**as hul praat** (wys met beide wysvingers na mond toe)

Weet julle wat het Saul nog gedoen. Saul het net die goed gedoen wat vir hom lekker was som te doen. As hy iets moes doen waarvan hy nie gehou het nie, dan het hy verskonings uitgedink en dit nie gedoen nie. Dink julle mense kan op ons staatmaak as ons beloftes breek? Waarom/ waarom nie?

**Staatmakers** (duime op)

**skitter** (sterre handjies)

**as in hul daad** (maak karate hande)

Maatjies, ons kan baie leer uit Saul se verhaal. God het ''n plan met Saul se lewe gehad. Hy het ook ''n plan met ons lewens. MAAR as ons nie doen wat Hy wil hê ons moet doen nie, kan God ons mos nie gebruik vir dit wat Hy vir ons lewe beplan nie. Saul het ook nie altyd sy beste gegee as hy iets doen nie. EK en jy moet altyd ons beste gee en voluit doen wat ons moet doen. Dan kan die Here en ander mense ons staatmaak om groot dinge te doen.

Dankie dat jy vandag se les spesiaal gemaak het!

Spookasem verdwyn vinnig wanneer jy dit eers eet,

net die soet geur bly agter voor jy dit nog weet.


Baie keer is dit ook so met die beloftes wat ons maak,

dit verdwyn so vinnig wanneer dit 'n aksie moet raak.

Om betroubaar te wees beteken om by jou woord te kan hou,

sodat ander jou altyd kan glo en vertrou,

met so 'n mens kan die Here ook Sy Koninkryk bou!



**Staatmakers** (duime op)

**skitter (**sterre handjies)

**as hul luister** – eh -oh- eh- oh (wikkel ore)

**Staatmakers** (duime op)

**skitter** (sterre handjies)

**as hul praat** (wys met beide wysvingers na mond toe)

**Staatmakers** (duime op)

**skitter** (sterre handjies)

**in hul daad** (maak karate hand





Sondag 12 Maart

# Naam:.................................................

## Spookasem Saul

Die Here se volk wou ook 'n koning hê, wat in belangrike sake sou kon lei en kon sê.

Die Here kies vir Saul vir die grote taak uit, maar mooipraatjies wat Saul se grootste kwaal en geit.

Sien, Saul volg eerder sy eie kop, blaas beloftes soos spookasem wolke op.

Saul is getrou aan die Here as dit hom pas, maar waar dit ongemaklik raak,

begin Saul aan die plan te las.

Propvol verskonings met geen berou,

so mens kan die Here mos nie gebruik of vertrou...



"Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in groot dinge oneerlik. Lukas 16:10

# Kouland 2 : Familie Studie

## Dierbare Koubouters Skatte!

Dit was omtrent 'n bedrywige dag in die fabriek vandag gewees. Vandag het ons geleer dat dit baie belangrik vir God is dat ons betroubaar is. Om betroubaar te wees beteken dat jy by jou woord hou en gehoorsaam is wanneer jy 'n opdrag kry.  Ons woord moenie wees soos spookasem wat dadelik verdwyn wanneer dit in jou mond gesit word nie. Ons moet met die manier hoe ons betroubaar teenoor ander is vir hulle iets leer van die getrouheid van God.

## Koubouter Koukis:

### Ysbreker:

3. Neem ''n spookasembal. Breek vir elke kind ''n stukkie af.  **Sê in jou eie woorde:**  Die beloftes wat ons maak is baie keer soos 'n yslike groot spookasemwolk. Groot, mooi, soet. Dit is ongelukkig baie keer eers wanneer ons moet doen wat ons belowe het om te doen, wat ons beloftes soos spookasem in jou mond verdwyn. As ek tot 3 tel, dan sit ons almal gelyk die spookasem in ons monde.

4. **Sê in jou eie woorde:** Hoe vinnig het daai spookasem gesmelt in jou mond? Wat proe julle nou? Ja, al is die spookasem weg, proe jy nogsteeds die soet in jou mond al is dit weg. Dit is baie keer hoe die beloftes wat ons maak werk. Al doen ons nie wat ons sê ons gaan doen nie, voel mense nog lank daarna hartseer omdat jy nie gedoen het wat jy gesê het jy gaan doen nie.

## Superster Staatmakers

4. Deel vir elke kind die volgende uit:  'n Spookasemwolk inlkeurvel<br>: ''n Stuk watte<br>: ''n rits sterre plakkers

5. Laat die kleuters die watte plak in die wolk gedeelte van die inkleurvel

6. Laat die kleuters die res van die inkleurvel versier met blinkers en sterre

## Spookasem Saul

### Sê die volgende in jou eie woorde:

Maatjies, die Here het vir Saul gekies om Koning te wees. Al wou Saul graag die Koning wees, het Saul met 3 dinge gesukkel:

As Saul moes luister, het hy net geluister wanneer dit hom gepas het.
Maatjies, dink julle mense kan op ons staatmaak as ons kies om te luister wanneer ons lus is? Waarom/waarom nie?

**Staatmakers** (duime op)

**skitter (**sterre handjies)

**as hul luister** – eh -oh- eh- oh (wikkel ore)

Weet julle wat het Saul nog gedoen. Saul het beloftes gemaak en dit dan gebreek. Maats, wat dink julle gebeur as ons beloftes breek wat ons maak? Dink julle mense kan op ons staatmaak as ons beloftes breek? Waarom/ waarom nie?

**Staatmakers** (duime op)

**skitter** (sterre handjies)

**as hul praat** (wys met beide wysvingers na mond toe)

Weet julle wat het Saul nog gedoen. Saul het net die goed gedoen wat vir hom lekker was som te doen. As hy iets moes doen waarvan hy nie gehou het nie, dan het hy verskonings uitgedink en dit nie gedoen nie. Dink julle mense kan op ons staatmaak as ons beloftes breek? Waarom/ waarom nie?

**Staatmakers** (duime op)

**skitter** (sterre handjies)

**as in hul daad** (maak karate hande)

Maatjies, ons kan baie leer uit Saul se verhaal. God het ‘‘n plan met Saul se lewe gehad. Hy het ook ‘‘n plan met ons lewens. MAAR as ons nie doen wat Hy wil hê ons moet doen nie, kan God ons mos nie gebruik vir dit wat Hy vir ons lewe beplan nie. Saul het ook nie altyd sy beste gegee as hy iets doen nie. EK en jy moet altyd ons beste gee en voluit doen wat ons moet doen. Dan kan die Here en ander mense ons staatmaak om groot dinge te doen.



Dankie, vir julle saamleer vandag. Fluit-fluit ons kuier is uit, gaan versprei nou hierdie geloofsles vêr en wyd!

Skryf iemand se naam neer met wie jy hierdie boodskap gaan deel: ........................................................................................